

**2 korintiërs 3:18**
En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.

*verwys na romeine 8:29*

**kolossense 1:27-29**
...Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid.  Hom verkondig ons, terwyl ons elke mens vermaan en elke mens in alle wysheid onderrig, om elke mens volmaak in Christus Jesus voor te stel; waarvoor ek arbei en stry volgens sy werking wat in my werk met krag.

*verwys na efessiërs 8:29*

**is dit moontlik om...**

- **deurentyd soos Jesus op te tree?**
- **werklik te word soos Jesus?**
- **werklik te verander?**

**2 timoteus 3:1-5**
Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het.

## bevele van Christus
**die groot nalating**

**matheus 28:19**
Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

## bevele van Christus
### uit matheus 5

•verbly jouself in belediging en vervolging.
•hou jou hart rein van wellus.
•draai die ander wang wanneer jy geslaan is.
•gaan die tweede myl wanneer jy forseer is.
•gee onderkleed plus bokleed aan aanklaer.
•wees lief vir jou vyande.
•seen die wat jou vervloek.
•doen goed aan die wat jou vervolg.
•wees volmaak soos julle Vader in die hemel.

**1 korintieërs 11:1**
Wees my navolgers, soos ek dit ook van Christus is.

**filippense 4:9**
En wat julle geleer en ontvang en gehoor en in my gesien het, doen dit, en die God van vrede sal met julle wees.

## die krag om te verander
### in die leefstyl van Christus

**1 timothy 4:7-8**
Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomende lewe het.

## die krag om te verander
### doelgerigte groei

1. identifisieer kritieke area en maak plan
2. aanspreeklikheid v plan en hart
3. gebed

**johannes 15:5**
Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.